

Saterdag 14 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:1-3

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:3

Sien uit na die dag van verlossing!

In 1 Tessalonisense 5 gaan dit oor die dag wanneer Jesus Christus weer na die aarde toe terugkom.

Paulus bespreek hierdie dag uit die perspektief van die mense wat nog lewe tydens die wederkoms van ons Here. Hy skrywe aan die gelowiges en beklemtoon dat daardie spesi-fieke tyd en datum vir mense op die aarde onverwags sal wees, soos 'n dief wat in die nag kom om jou besittings te steel. Die woorde van die mense herinner aan die optrede van die mense in die tyd van Noag, wat ongesteurd geëet en gedrink en getrou het terwyl die oordeel van die Here op hande is (Matt. 24:37-39)!

Vandag is bitter min mense bekommerd oor die tyd wanneer die Here Jesus Christus weer kom. Byna almal gaan ongestoord hulle eie gang en lewe asof vrede en rus vir altyd sal voortduur. Maar die dag van die Here sal skielik en onverwags aanbreek. Vir ongelowi-ges sal dit 'n verskriklike dag van oordeel wees. Rus en veiligheid is 'n gawe wat God vir sy kinders gee as deel van die verlossing van Jesus Christus (vgl. Ps. 4:9; 29:11; Jes. 32:17).

Volgens Romeine 8:6 hou die sondige natuur van die mens hom besig met dinge wat op die dood uitloop, maar deur die krag van die Heilige Gees hou gelowiges hulle besig met dinge wat lewe en vrede bring. Vir hulle sal dit 'n dag van verlossing wees waarna hulle kan uitsien.

Sing: Skrifberyming 15-7:4, 5

Dr. Jan Lion-Cachet (Klerksdorp)